Keer Jesus Christus terug met 'n fisiese of geestelike liggaam?

Open 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was ‘n wit perd, en Hy (Jesus) wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.

Open 19:13 En Hy was bekleed met ‘n kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.

Sal Christus terugkom met 'n geestelike- of fisiese liggaam?

Die koms van Jesus moet duidelik onderskei word in twee fases met 'n tussen tydperk van sewe jaar verdrukking.

(a) Die eerste fase, bekend as die wegvoering van Sy bruid, waar hy in 'n oomblik en 'n oogwink in die lug sal verskyn volgens 1 Kor 15:51 en 52 "Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, (52) in **‘n** oomblik, in **‘n oogwink**, [Die Grieks vir oomblik en oogwink is "Atomos" wat beteken ondeelbaar so vinnig sal dit wees.] by die laaste basuin; want die basuin sal weer-klink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. "

Ons glo dat net Sy bruid Hom by hierdie geleentheid sal sien en hoor [- die Basuingeklank].
1 Thes 5:2 "want julle weet self baie goed dat die dag van die Here kom **net soos ‘n dief in die nag**. "

(b) Die tweede fase van Sy koms is waar elke oog Hom sal sien.
Openb 1:7 Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle (die Jode) wat Hom deursteek (gekruisig) het; .....!

Ons voorblad.

Die tweede fase van Jesus se koms aan die einde van die sewe jaar Antichris regering, ten tye van die slag van Armageddon. 3de WERELDOORLOG
Openb 16:16 "En hulle het hul versamel op die plek wat in

Hebreeus genoem word Armagéddon - derde wêreldoorlog, saam met Sy bruid wat Hy voor die verdrukking met die eerste fase wegggevoer het na die Hemel, om nou sy duisendjarige vrederyk te kom stig.

Open 19:11 Toe het ek die hemel geopend gesien; en daar was 'n wit perd, en Hy [Jesus Christus] wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid.
Open 19:12 En **sy oë was soos 'n vuurvlam**, en op sy hoof was baie krone; en **Hy het 'n Naam wat geskrywe** is, wat niemand ken nie, behalwe Hy self.
Open 19:13 En Hy was bekleed met **'n** kleed wat in bloed gedoop was, en sy Naam is: Die Woord van God.
Open 19:14 En die leërs in die hemel het Hom gevolg op wit perde, bekleed met wit en rein fyn linne.
Open 19:15 En uit sy mond gaan daar 'n skerp swaard om die nasies daarmee te slaan; en Hy sal hulle met 'n ysterstaf regeer, en Hy trap die parskuip van die wyn van die grimmigheid en van die toorn van God, die Almagtige.
Open 19:16 En Hy dra op sy kleed en op sy heup die Naam wat geskrywe is: Die Koning van die konings en die Here van die here.

Sag 14:4 En in dié dag sal sy voete staan op die Olyfberg wat voor Jerusalem lê, aan die oostekant; en die Olyfberg sal middeldeur gesplyt word van oos na wes tot 'n baie groot dal; en die een helfte van die berg sal wegwyk na die noorde en die ander helfte na die suide. SOOS OP ONS VOORBLAD AANGEDUI !!!!

Daar word beweer dat die Olyfberg alreeds besig is om te splyt van oos na wes.

Nou kom ons by ons oorspronklike vraag:

Sal Jesus Christus terugkeer met 'n geestelike of fisiese liggaam?

Hy sal terugkeer met presies dieselfde liggaam waarmee Hy opgevaar het na die hemel, d.w.s. 'n fisiese liggaam.

Die engele sê vir Jesus se dissipels in Hand 1:11 "...: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

Watter liggaam het Christus gehad toe Hy opgevaar het na die hemel? Laat die Woord van God self hierdie vraag beantwoord.

Luk 24:38 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op?
Luk 24:39 Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want **'n gees het nie vlees en** bene soos julle sien dat Ek het nie.
Luk 24:40 En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete.
Luk 24:41 En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet? [DIREK NA SY OPSTANDING]
Luk 24:42 Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek.
Luk 24:43 En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.

Joh 20:19 En toe dit aand was op daardie eerste dag van die week en die deure waar die dissipels vergader het uit vrees vir die Jode, gesluit was, het Jesus gekom en in hul midde gestaan en aan hulle gesê: Vrede vir julle!
Joh 20:20 En nadat Hy dit gesê het, wys Hy hulle sy hande en sy sy. En die dissipels was bly toe hulle die Here sien.

Joh 20:21 Jesus sê toe weer vir hulle: Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.
Joh 20:22 En nadat Hy dit gesê het, blaas Hy op hulle en sê vir hulle: Ontvang die Heilige Gees.
Joh 20:23 As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes hou, dan is dit gehou.
Joh 20:24 En Thomas wat genoem word Dídimus, een van die twaalf, was nie saam met hulle toe Jesus gekom het nie.
Joh 20:25 Die ander dissipels sê toe vir hom: Ons het die Here gesien! Maar hy het vir hulle gesê: As ek nie in sy hande die merk van die spykers sien en my vinger steek in die merk van die spykers en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.
Joh 20:26 En agt dae daarna was sy dissipels weer binne, en Thomas saam met hulle. En Jesus het gekom terwyl die deure gesluit was, en het in hul midde gestaan en gesê: Vrede vir julle!
Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.
Joh 20:28 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!
Joh 20:29 Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.

Hier word duidelik bewys dat Hy opgestaan het met 'n fisiese liggaam. Hy sê uitdruklik: "'n Gees het nie vlees en bene soos julle sien dat Ek het nie." Jesus het die waarheid gepraat want (1) hulle het Hom werklik met hulle fisiese oë gesien (2) en hulle het Hom 'n stukkie vis en 'n stukkie heuningkoek gegee om te eet.

Kan 'n gees gesien word, of is hy in staat om te eet? Christus het beslis met 'n fisiese liggaam opgestaan

en ook met dieselfde liggaam weggevaar hemel toe.

Lees weer Hand 1:11 ""...: Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het."

1 Tim 2:5 en 6 is nog 'n bewys dat Christus nou 'n fisiese liggaam het. "Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, (6) wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd," Hy het dus nog steeds 'n fisiese liggaam van "vlees en bene" en moet terugkom om die profesie te vervul. Ons kry in Open 22:16 nog 'n versekering dat Christus steeds "die mens Christus Jesus" is. "Ek, Jesus, het my engel gestuur om hierdie dinge aan julle voor die gemeentes te betuig. Ek is die wortel en die geslag van Dawid, die blink môrester." Hy is nog steeds dieselfde man as wat Hy was toe Hy die aarde bewandel het, en Hy is nog steeds die nasaat van Dawid en moet nog as Almagtige op Dawid se troon gaan sit.

2Joh 1:7 Want baie verleiers het in die wêreld ingekom: die wat nie bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het nie. Dit is die verleier en die Antichris.

Laat ons 2Joh 1:7 nou letterlik vertaal "Baie verleiers het in die wêreld ingekom en bely nie dat Jesus Christus gekom het, en weer gaan kom (erchomenon - teenswoordige deelwoord) in die vlees nie. Dit is 'n verleier en 'n Antichris. Hierdie vers behoort eintlik ontstellend te wees vir mense wat glo en verklaar dat Christus slegs in 'n geestelike liggaam sal terugkeer. Almal wat dit glo en sulke lerings aanhang, ontken in werklikheid die waarheid van Christus se eie woorde in Luk 24:38-43.

Sulke mense is verleiers en vyande van Jesus Christus, soos wat ons lees in 2 Joh 1:7. Baie mense, en selfs predikante het nog nooit die ware betekenis van hierdie

skrif besef nie.

Wat sal gebeur met die ontslape en lewende kinders van die Heer by sy wederkoms?

1Thes 4:14 Want as ons glo dat Jesus gesterwe en opgestaan het, dan sal God ook so die wat in Jesus ontslaap het, saam met Hom bring.
1Thes 4:15 Want dit sê ons vir julle deur die woord van die Here, dat ons wat in die lewe oorbly [lewende heiliges] tot by die wederkoms van die Here, die ontslapenes hoegenaamd nie sal vóór wees nie.
1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met **die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan.
1Thes 4:17 Daarna sal ons wat in die lewe oorbly, saam met hulle in wolke weggevoer word die Here tegemoet in die lug; en so sal ons altyd by die Here wees.
1Thes 4:18 Bemoedig mekaar dan met hierdie woorde.

1Kor 15:20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.
1Kor 15:21 Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens.
1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;
1Kor 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.
1Kor 15:24 Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het.

Wanneer Christus "van die hemel neerdaal met 'n geroep, met die **stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; " sal daar 'n drievoudige wonder geskied.

(A) Die oombliklike opstanding in heerlikheid van die gelowige ontslapenes.

(B) Die oombliklike verheerliking van die lewende wedergeborenes.

(C) Die gesamentlike opname van hierdie verheerlikte geselskap om Christus tegemoet te gaan in die lug.

1Thes 4:16 Want die Here self sal van die hemel neerdaal met 'n geroep, met **die stem van 'n aartsengel** en met geklank van die basuin van God; en die wat in Christus gesterf het, sal *eerste opstaan*.

Hier het ons die salige of die eerste opstanding. Die Skrif leer dat die ongeredde ontslapenes ook eenmaal moet opstaan om geoordeel te word, maar die opstanding van die regverdiges en die onregverdiges [tweede opstanding] sal nie op dieselfde tyd plaasvind nie.

Baie mense vra of Joh 5:28 & 29 'nie n gelyktydige opstanding voorspel nie.

Joh 5:28 Moenie julle hieroor verwonder nie. Want daar **kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy** stem sal hoor

Joh 5:29 en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling.

Gelyktydige voorspelling beteken egter nie noodwendig gelyktydige vervulling nie, daar word nie gesê dat hulle in dieselfde tyd sal opstaan nie. In 1 Thes 4:16 word uitdruklik gesê: "die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan."

Die verduidelikende woorde "in Christus" sluit die opstanding van die goddelose dodes hier uit. God is 'n God van orde, die basuingeroep waarmee Christus neerdaal

is die almagtige geroep tot die ewige lewe van onverderflikheid, en dit kan alleen betrekking hê op die gelowige dodes en die gelowige lewendes.

In Luk 14:14 maak Jesus self onderskeid tussen opstanding van die regverdiges en onregverdiges: "en jy sal gelukkig wees, omdat hulle niks het om jou te vergeld nie; want dit sal jou vergeld word in die opstanding van die regverdiges."

Luk 20:35 maar die wat waardig geag word om daardie eeu en die opstanding uit [Die Grieks is "ek nekron", wat beteken - "van tussen uit " met die gedagte dat daar diegene is wat agterbly.] (Thayer vertaal - "from the midst of many") die dode te verkry, ...

Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit ["ek nekron" - "van tussen uit"] die dode opgewek het, ... nou weet ons dat Christus wel onder baie ander dodes uit opgewek was. Die uitdrukking van "ek nekrõ" (van tussen uit die dodes) word nooit gebruik van die opstanding van die goddelose nie, maar altyd van die opstanding van Christus en van die christene. Hierdie uitdrukking word ongeveer vyftig keer in die Nuwe Testament gebruik, maar nooit met betrekking tot die opstanding in die algemeen of die opstanding van die goddelose nie.

1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;

1Kor 15:23 maar elkeen in sy eie orde: as eersteling Christus, daarna die wat aan Christus behoort by sy koms.

Hier word uitdruklik geleer dat die opwekking van die onregverdiges nie saamval met die opwekking van die regverdiges nie. ['n Eerste en tweede opstanding.]

Nog 'n ander skrif wat die verskil baie duidelik uitspel is:

Open 20:5 En die ander dode [tweede opstanding] het nie herlewe totdat die duisend jaar voleindig was nie. Dit is die eerste opstanding.
Open 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Die wittroon oordeel - slegs vir sondaars.

Open 20:11 En ek het 'n groot wit troon gesien en Hom wat daarop sit, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie.
Open 20:12 En ek het die dode, klein en groot, voor God sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.
Open 20:13 En die see het die dode gegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dode gegee wat daarin was; en hulle is geoordeel, elkeen volgens sy werke.
Open 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. [die hel]
Open 20:15 En as dit bevind is dat iemand nie opgeskryf was in die boek van die lewe nie, is hy in die poel van vuur gewerp.

Die tweede opstanding is die opstanding van die verdoemenis; die opstanding van die verlorenes.

Daar is 'n eerste, salige, opstanding en, meer as 'n duisend jaar later, is daar 'n tweede, onsalige, opstanding. Die eerste opstanding is 'n opstanding van onder die dode uit; die tweede opstanding is 'n opstanding van die dode.

Die Verheerlikte Liggaam!!

1Kor 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,
1Kor 15:52 in 'n oomblik**, in 'n** oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

God sal in een oomblik die dode opwek en die lewende kinders van die Here verander en verheerlik. Hy sal die sterflike liggame van Sy kinders aanraak met dieselfde mag waarmee Hy Christus uit die dode opgewek het, sodat die verderflikheid in een oomblik met onverderflikheid vervang word.

1Kor 15:35 Maar iemand sal sê: Hoe word die dode opgewek, en met hoedanige liggaam kom hulle?

(A) "Hoe sal die dodes opgewek word?"

(1) Die antwoord vind die Christen in die almag van God. Ons lees in die Heilige Skrif dat elkeen van die Drie Persone in die Godheid opwekking uit die dode teweegbring. So lees ons dat die Here Jesus opgewek is deur die Vader, soos geskrywe staan in Hand 2:32 "Hierdie Jesus het God opgewek."

(2) Dan lees ons dat die Heilige Gees ook deel gehad het in daardie opwekking soos ons sien in Rom 8:11 En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

(3) Maar ons lees ook dat Christus gesê het dat Sy opstanding kragtens Sy eie mag sal geskied. Dit is Sy woorde in Joh 10:17 Daarom het die Vader My lief, omdat Ek my lewe aflê om dit weer te neem.

Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.

Dit is die almag van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat die opstanding eenmaal sal teweegbring.

(B) "En met hoedanige liggaam kom hulle?"

Die beantwoording van hierdie vraag vereis dat ons moet let op die opstandingsliggaam van onse Here Jesus. Wat Christus se opstandingsliggaam is, sal ook die opstandingsliggaam wees van die verlostes. Die Heilige Skrif sê dit baie duidelik.

1Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Fil 3:20 Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus,

Fil 3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

Ons opstandings liggaam word dus gelykvormig aan Sy geseënde liggaam. Hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, sal weer met my siel verenig en gelykvormig word aan die verheerlikte liggaam van Christus.

(C) Hoedanig was die opgewekte liggaam van die Here Jesus?

Die Here Jesus het met dieselfde liggaam te voorskyn gekom waarmee Hy in die graf ingegaan het. Watter innerlike verandering daardie liggaam ook al mag ondergaan het, dit staan bokant alle twyfel verhewe dat die verheerlikte liggaam van onse Heiland 'n wesenlike liggaam van vlees en van been was. Dit was nie 'n liggaam wat van gees gemaak was nie, maar het vlees en been gebly.

Luk 24:36 En terwyl hulle hieroor praat, staan Jesus self in hul midde en sê vir hulle: Vrede vir julle!
Luk 24:37 Toe het hulle verskrik en baie bang geword en gemeen dat hulle **'n gees sien.**
Luk 24:38 En Hy sê vir hulle: Waarom is julle ontsteld en waarom kom daar twyfel in julle hart op?
Luk 24:39 Kyk na my hande en my voete, want dit is Ek self. Voel aan My en kyk; want **'n gees het nie vlees en** bene soos julle sien dat Ek het nie.
Luk 24:40 En terwyl Hy dit sê, wys Hy hulle sy hande en sy voete.
Luk 24:41 En toe hulle van blydskap nog nie kon glo nie en hulle verwonder, sê Hy vir hulle: Het julle hier iets om te eet?
Luk 24:42 **Daarop gee hulle Hom 'n stuk gebraaide vis en 'n stuk heuningkoek.**
Luk 24:43 En Hy het dit geneem en voor hulle oë geëet.

Christus se liggaam was dus van vlees en been net soos voorheen:

(a) Sy liggaam was sigbaar.
(b) Sy liggaam was tasbaar.
(c) Sy liggaam het nog sekere merke van die kruisiging oor gehou - [Sag 13:6 En as iemand vir hom sê: Watter wonde is daardie tussen jou hande? dan sal

hy antwoord: So is ek geslaan in die huis van my vriende.] die tekens van die spykers in die hande en van die spies in Sy sy. [Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar gelowig.]

(d) Die dissipels kon en het hulle self oortuig dat die Heiland voor hulle verskyn het met 'n werklike liggaam.

Die opwekking van Lasarus; die weduwee van Nain se seun; en Jaïrus se dogtertjie; het alreeds bewys dat die mens kan opstaan in dieselfde liggaam waarmee hy gesterf het.

Hand 2:31 het hy, omdat hy dit vooruit gesien het, gespreek van die opstanding van Christus, dat sy siel nie in die doderyk verlaat is en sy vlees ook nie verderwing gesien het nie.

Dit is dus duidelik: Christus het ná Sy opstanding dieselfde liggaam gehad waarmee Hy in die graf gegaan het.

Christus het na Sy opstanding soms skielik verskyn en ook weer skielik verdwyn, en ook ingekom toe deure gesluit was.

Die feit dat ons Here Jesus opgestaan het in dieselfde liggaam (maar in 'n verheerlikte staat) waarmee Hy in die graf gegaan het, is die onomstootlike bewys dat God se kinders eenmaal verheerlik sal opstaan in die liggaam wat hulle hier op aarde gehad het, en hy sal herkenbaar wees net soos Jesus herkenbaar was. In die liggaam van die opstanding sal daar sekerlik sekere veranderings plaasvind, maar dit sal niks maak aan die identiteit van die liggaam nie. Selfs nou verander die liggaam van 'n mens gedurig. Kinders word volwasse; volwassenes word ou mense, maar dit doen niks aan die identiteit van die mens nie. Deur al die jare van kindsdae tot die ouderdom is die mens bewus daarvan dat hy nog net dieselfde persoon is, tenspyte van die gedurige veranderinge wat sy liggaam ondergaan het. As die liggaam

nie dieselfde was nie, kan daar nie sprake wees van 'n wederopstanding nie.

Enkele kenmerke van die opstandings liggaam.

In 1 Kor 15 word die kenmerke van die opstandingsliggaam van die kinders van die Here genoem.

1Kor 15:42 So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid;
1Kor 15:43 daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag.
1Kor 15:44 ‘n Natuurlike liggaam word gesaai, ‘n geestelike liggaam word opgewek. Daar is ‘n natuurlike liggaam, en daar is ‘n geestelike liggaam.
1Kor 15:45 So is daar ook geskrywe: Die eerste mens, Adam, het ‘n lewende siel geword; die laaste Adam (Jesus Christus) ‘n lewendmakende Gees.
1Kor 15:46 Die geestelike ewenwel is nie eerste nie, maar die natuurlike; daarna die geestelike.
1Kor 15:47 Die eerste mens was uit die aarde aards, die tweede mens is die Here uit die hemel.
1Kor 15:48 Soos die aardse mens was, so is ook die aardse mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.
1Kor 15:49 En soos ons die beeld van die aardse gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse dra.
1Kor 15:50 Maar dit verklaar ek, broeders, dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie.

(a) Die opstandingsliggaam van die Christen sal dieselfde kenmerke hê as die verheerlikte liggaam van die Here Jesus.

Fil 3:21 wat ons vernederde liggaam van gedaante sal verander, om gelykvormig te word aan Sy verheerlikte liggaam volgens die werking waardeur Hy ook alles aan Homself kan onderwerp.

1Joh 3:2 Geliefdes, nou is ons kinders van God, en dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie; maar ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is.

Al die eienskappe van die verheerlikte liggaam van die Here Jesus sal dus die eienskappe word van die liggaam van elke gelowige opstandeling. Hierdie verheerliking sal in een oomblik plaasvind by die wederkoms van die Here Jesus. Die dode sal verheerlik opstaan, en die lewende gelowiges sal verheerlik word in een oomblik sonder om te sterf.

1Kor 15:51 Kyk, ek deel julle 'n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word,
1Kor 15:52 in '**n oomblik, in 'n oogwink** [Grieks - Atomos - ondeelbaar], by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

(b) Die tweede kenmerk van die opstandingsliggaam van die gelowige is, dat dit onverderflik sal wees.

1Kor 15:42 So is ook die opstanding van die dode: daar word gesaai in verganklikheid, daar word opgewek in onverganklikheid;

1Kor 15:53 Want hierdie verganklike moet met onver-

ganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word.

1Kor 15:54 En wanneer hierdie verganklike met onvergank-likheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning.

Die opstandingsliggaam sal dus nooit kan afneem nie. Dis on-verderflik. Verhewe bokant bederf en dood. Die onver-derflikheid van Christus word dan die onverderflikheid van die kind van God, omdat die gelowige verenig is met Sy Heiland.

Rom 6:5 Want as ons met Hom saamgegroei het deur die ge-lykvormigheid aan sy dood [die onderdompelings-doop], sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding;

Kragtens hierdie vereniging met Christus sal elke gelowige na die opstanding met Christus kan sê: " .....Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid.... " (Open 1:18)

(c) Die derde kenmerk van die opstandingsliggaam van die gelowige sal wees sy heerlikheid.

1Kor 15:43 daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; daar word gesaai in swakheid, daar word opge-wek in krag.

Heerlikheid is die kenmerk van die liggaam van onse Here Jesus, daarom skryf Paulus van Christus se "verheerlikte liggaam" (Fil 3:21) Die heerlikheid sien op die sigbare prag van die opstandingsliggaam. Ons lees van die ver-heerliking van Christus op die berg in Matt 17:2 "En Hy het voor hulle van gedaante verander, en sy aangesig het ge-blink soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig."

Hier is 'n afbeelding van die heerlikheid van die opstandingslig-gaam wat Gods kinders eenmaal sal deel. Paulus skryf in:

1Kor 15:41 Anders is die heerlikheid van die son en anders

die heerlikheid van die maan en anders die heerlikheid van die sterre; .....

1Kor 15:43 daar word gesaai in oneer, daar word opgewek in heerlikheid; .....

Die heerlikheid van die opstandingsliggaam sien dus op die sigbare prag van daardie liggaam.

In Daniël reeds word dit bevestig:

Dan 12:2 En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Dan 12:3 En die verstandiges sal glinster soos die glans van die uitspansel, en die wat baie tot regverdigheid lei, soos die sterre vir ewig en altoos.

(d) Die vierde kenmerk van die verheerlikte opstandingsliggaam is sy krag.

1Kor 15:43 .....; daar word gesaai in swakheid, daar word opgewek in krag.

Geen vermoeienis, geen uitputting, geen swakheid, aan die anderkant van die graf nie, maar 'n ewige jeug, 'n onuitputlike bron van onverminderbare lewenskrag en sterkte.

(e) 'n Vyfde kenmerk van die opstandingsliggaam is dat daardie liggaam in volkomenheid sal staan onder die leiding van die Heilige Gees.

1 Kor 15:44 ‘n Natuurlike liggaam word gesaai, ‘n geestelike liggaam word opgewek.....

Wat beteken 'n geestelike liggaam?? Ons het reeds baie duidelik gesien dat die opstandingsliggaam van Jesus nie 'n liggaam is wat van gees gemaak is nie, maar van vlees en bene. 'n <u>Geestelike liggaam</u> beteken dus 'n <u>liggaam</u> wat <u>onder die leiding van die Heilige Gees</u>

sal staan.

1 Kor 3:1 En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus.
1Kor 3:3 omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?

Gal 6:1 Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie.

Gal 5:25 As ons deur die Gees lewe, laat ons ook deur die Gees wandel.
Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.

Uit bogenoemde skrif is dit duidelik dat 'n geestelike persoon nie iemand is wat van gees gemaak is nie, maar iemand wat staan onder leiding van die Heilige Gees.

Hoe salig sal dit wees om eenmaal ten volle onder die leiding van die Heilige Gees te wees. Alle wederstrewigheid van die sondige hart sal dan verdwyn en die Heilige Gees sal volkome besit hê van die opstandeling.

Wat die sondaars betref.

Die goddelose mense, wat Christus nie aangeneem het as hul Saligmaker nie, sal ook eenmaal opstaan uit die dode. Regverdiges en onregverdiges moet eenmaal opstaan, maar die opstanding van die ongel0wiges sal 'n onsalige opstanding wees. [tweede opstanding - Wittroon oordeel. Na die Duisendjarige Vrederyk.]

Dan 12:2 En baie van die wat in die stof van die aarde slaap, sal ontwaak, sommige tot die ewige lewe en sommige tot groot smaadheid, vir ewig afgryslik.

Die liggaam van die onsaliges sal die teenoorgestelde kenmerke hê as díe van die liggaam van die verlostes. Dit bly verderflik, Dit bly oneerbaar, dit bly swak, dit bly onder die beheer van die bose en die mag van die dood. Maar alhoewel dit al hierdie kenmerke het, sal daardie onsalige liggaam nie vernietig word nie, maar sal vir ewig voortbestaan en die smarte van die hel moet verduur.

Mat 25:46 En hulle sal weggaan in die ewige straf, maar die regverdiges in die ewige lewe.

'n Ewige lewe, wat 'n ewige bestaan is in volle gemeenskap met God, teenoor 'n ewige bestaan sonder God, in ewige smarte, soos die geval sal wees met verlorenes.

Elkeen wat gelowig rus op die versoening van Christus sal eenmaal deel hê aan die opstanding in heerlikheid.

1Kor 15:20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die eersteling geword van die wat ontslaap het.

1Kor 15:21 Want aangesien die dood deur ‘n mens is, is die opstanding van die dode ook deur ‘n mens.

1Kor 15:22 Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word;

Aan welke opstanding sal u eenmaal deel hê???

Mag God gee dat dit die "beter opstanding" mag wees, waarvan die boek Hebreërs spreek:

Heb 11:35 Vroue het hulle dode deur opstanding teruggekry, en ander is gefolter en wou geen bevryding aanneem nie, om ‘n beter opstanding te kan verkry.

En die "eerste opstanding" waarvan die boek Openbaring

spreek:

Open 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood [die hel] geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank.

Maak jou klaar om jou God te ontmoet. Amos 4:12 (b)

Tussen die hemel en die hel is daar 'n kloof - die kloof van die ewigheid. Hierdie kloof is onoorbrugbaar. Maar tussen die hemel en die aarde is ook 'n kloof - die kloof van tyd. Hierdie kloof is oorbrug deur Jesus Christus.

Hand 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam (Jesus Christus) onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.

Rom 13:11 En dit te meer, omdat ons die tydsomstandighede ken, dat die uur vir ons reeds daar is om uit die slaap wakker te word; want die saligheid is nou nader by ons as toe ons gelowig geword het.

Rom 13:12 Die nag het ver gevorder en dit is amper dag. Laat ons dan die werke van die duisternis aflê en die wapens van die lig aangord.

Rom 13:13 Laat ons welvoeglik wandel soos in die dag, nie in brassery en dronkenskap, nie in ontug en ongebondenheid, nie in twis en nydigheid nie.

Rom 13:14 Maar beklee julle met die Here Jesus Christus, en maak geen voorsorg vir die vlees om sy begeerlikhede te bevredig nie.

Maranata!!! Jesus kom weer!!!

Saamgestel deur: Past Willie Horne
Posbus 872
KLEINBRAK
6503

(o44) 696-5891

konanja333@gmail.com

Indien u enige berading, geestelike hulp of gebed benodig, kan u ons kontak by bogenoemde kontak besonderhede.

Die Here seën U !!!

As ons ontmoet en jy vergeet ons, het jy niks verloor nie, maar as jy **Jesus Christus** ontmoet het en jy vergeet **Hom,** het jy alles verloor.